

Christene moet groei – Bybelstudie

There is no promise in the Bible to guarantee the continuance of any professing Church upon earth, many have fallen completely, and perished already – J. C. Ryle

Christene moet groei – Bybelstudie

R. C. Sproul het 'n kort boekie – *Five Things every Christian needs to grow* – geskryf. Hierin identifiseer hy vyf dinge waarin 'n Christen moet groei. Ons gaan 'n paar blogs hieraan spandeer.

Ons begin met die eerste dissipline – Bybelstudie.

Dawid was die tweede koning van Israel. Hy was nie alleen 'n dapper krygsman nie, maar 'n man na God se hart. Hy was ook die geestelike leier van sy volk. En toe pleeg hy owerspel en moord. Hy was so verblind deur die boosheid in sy hart dat die profeet Natan hom direk moes konfronteer oor sy sonde. Ons lees van hierdie konfrontasie in 2 Samuel 12:1 – 7.

Daarna het die Here vir Natan na Dawid toe gestuur. Natan het by hom gekom en gesê: “Daar was twee mans in dieselfde plek. Die een was ryk en die ander arm. ²Die ryke het groot troppe kleinvee en beeste gehad. ³Behalwe een ou oilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders grootgeword. Sy het van sy krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n eie dogter. ⁴Daar het 'n besoeker by die ryk man gekom en hy kon dit nie oor sy hart kry om van sy eie kleinvee of beeste te vat en vir die reisiger te slag nie. Toe vat hy die oilam van die arm man en slag haar vir sy gas.”

⁵⁻⁶Dawid het hom bloedig vererg oor die man en vir Natan gesê: "So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die oilam vergoed."

⁷"Jy is die man!" sê Natan toe vir Dawid.

Dawid sê toe vir Natan: *Ek het gesondig teen die Here (12:13)*. Dawid se berou was nie net oppervlakkig nie. Op 'n stadium kon Dawid vergelyk word met die man wat in Psalm 1 beskryf word: *Hy was 'n man wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is. Op een of ander stadium word sy aandag van God se woord afgetrek na Batseba. Hy verloor nie net sy integriteit nie, maar ook sy vreugde. Sonde mag vir ons soms onmiddellike plesier bring, maar dit bring nie langdurige vreugde nie*

Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee (Hebreërs 4:12 – 13).

Die woord van God is krities belangrik vir ons geestelike groei. Misleiding deur die woord van God te verdraai, is 'n groot probleem in elke geloofsgemeenskap. Daarom dat Paulus vir Timoteus waarsku teen *goddelose mense en bedriërs ... Hulle mislei ander en word self mislei. Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was (2 Tessalonisense 3:14 – 15)*. Die Bron van die woord was God is die Here – daarom kan ons dit vertrou. Maar die funksie van die woord is net so belangrik: *Die Skrif het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek (3:16).*

Lees ons nog gereeld ons Bybels? Dink ons na oor wat ons gelees het? Sonder gereelde Bybelstudie kan die gelowige nie groei nie.

In die volgende blog gaan ons na die tweede dissipline – gebed – kyk.

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (7)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (7) – Jan van der Watt

Episode 5: Markus7:1-8:21

Wat is oud en wat is nuut? Ja, Jesus se boodskap is nou uit. Mense het dit gehoor... die koninkryk is aan die kom. Maar hoe verander dit die alledaagse lewe?

Alledaagse lewe vir Jode?... ons moet onthou dat die Jode hulleself as verbondsmense gesien het. As jy dus as Jood “binne die verbond” gebore word, hoef jy nie gered te word nie, want jy is mos klaar BINNE. Jou belangrikste doel was nou om BINNE TE BLY! En as Jood is daar mooi vir jou vertel hoe om binne te bly: jy moet die wette nakom, nie net die Tien Gebooie (verbondswet) nie, maar ook al die reinheidswette. Deur al die wette te hou, het hulle geredeneer, het jy jou verhouding met God suiwer gehou. Jesus het egter ‘n probleem hiermee: die mense is so gepla met die wette, dat hulle van God vergeet. Hulle verloor hulle verhouding met God in hulle pogings om die wette te hou. Op die ou einde klop jy jouself op die skouer in plaas daarvan om van God afhanklik te wees en dit deur jou toewyding vir Hom te wys.

Kom ons kyk wat sê die teks (lees die teks van Markus saam met die volgende opsomming):

- Wat van die **Joodse gebruike**?
 - Hulle is in reëls en wette vasgevang (7:1-13 lees vers 9)
 - Reinheidswette en werklike reinheid (7:14-23)
 - Onrein Jode word rein (7:24-30)
- Jesus tree **kragtig** op
 - Die hoogtepunt van sy sukses: Hy genees 'n doof-stomme (7:31-37)
 - Hy voed sy mense en stuur hulle huistoe (8:1-10 oorgangstuk)
- Die **Joodse leiers kragteloos** en vals in die teenwoordigheid van Jesus (8:11-21)
 - Die Joodse leiers wil 'n spesiale hemelse teken hê – want hulle kyk die groot Teken mis (8:11-13)
 - Die motiewe van die Joodse leiers is verkeerd en kan mense negatief beïnvloed. Die dissipels moet altyd onthou dat Jesus die een is wat in oorvloed gee (8:14-21)

Kyk veral na die volgende: hoe verander Jesus die opvatting van hoe 'n mens rein word of is? Stel jouself voor jy is 'n Jood wat voel jy moet al die reinheidswette hou (gereeld ritueel was, net sekere kos eet, sekere tye moet jy jou heilig hou, jy mag aan sekere goed nie vat nie, ens.) en nou kom Jesus en Hy sê wat hy in Markus 7 sê. Hoe dink jy gaan dit jou houding teenoor godsdiens verander?.....

.....

Die dele (7:31-37; 8:1-10 en 8:11-21) is in die opbou van Markus belangrik:

- Die verhaal van die doof-stomme (7:31-37) is die *toppunt* van die *suksesverhale* van Jesus. Kyk net: Hy maak twee siektes (doofheid en 'n spraakgebrek) gesond. "Alles wat Hy doen is goed" (7:37). Hier sien ons die Seun van God in krag! Die Koning van die koninkryk is hier.
- Dan voed Hy mense en stuur hulle huis toe, as teken van sy versorging. Wie Hom volg sal voor gesorg word (8:1-10).
- Die Joodse leiers is op die verkeerde pad – hulle soek verkeerde tekens en beïnvloed mense verkeerd (hulle werk soos suurdeeg). Pasop vir hulle (8:11-21).

Jesus is God se krag in die wêreld wat mense rein maak en versorg. Wette kan dit nie doen nie.

Jesus is God se krag in die wêreld wat mense rein maak en versorg. Wette kan dit nie doen nie.

Ons het nou tot by Markus 8:21 gevorder – tot by die skanier. Volgende keer gaan ons verder.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (6)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (6) – Jan van der Watt

Episode 4 – Markus 6

Die woorde van Jesus moet uit... maar die reaksies wissel.

As jy tyd het, teken die verskillende reaksies op Jesus aan.....

.....

Wat dink jy moet 'n mens daaruit leer?.....

Nasaret ontken Hom, maar die woord tref baie wyer deur sending (6:1-13)

Reaksies wissel (6:14-29)

- Die mense (6:14-16)
- Selfs Johannes die Doper (6:17-29)

Die dissipels kom terug met **suksesverhale** (6:30-34)

Jesus versorg sy mense wat sy woord aanneem

- Met fisiese en geestelike voedsel (6:35-44)
- Met sy nabyheid (6:45-52)
- Sommer almal (6:53-56)

Jesus is nie deur almal met ope arms ontvang nie, maar tog het die saad in baie se harte gegroei. Dit vertel hierdie episode vir ons.

Wat veral hier interessant is, is hoe die einde van die episode Jesus se reaksie teken – die verkondigde Here word hier die *versorgende* Here (6:35vv.). As jy bereid is om die pad saam met Jesus te stap, moet jy weet Hy stap die pad saam met jou ook. HY sal vir jou sorg, op baie maniere, maar veral deur sy teenwoordigheid. Dit is wat hom so anders maak as gewone mense – Hy kan vir jou sorg, sal vir jou sorg omdat Hy die Seun van God is.

Kyk na Mk 6:35-56 en kyk hoe versorg Jesus sy mense.....

Jesus se woord is vir almal, hoewel nie almal dieselfde reageer nie. Party verwerp Hom sowaar. Hier sien ons dus hoe lyk geloof en ongeloof in die praktyk. Die wat positief reageer, word deur Hom versorg.

SKRYWER: PROF JAN VAN DER WATT

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (5)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (5) – Jan van der Watt

Episode 3 – Markus 4-5

Jesus preek en dit vra geloof... onvoorwaardelike geloof

Kyk of jy kan sien hoe episode 3 klem op bogenoemde boodskap lê.....

.....

Jesus **preek** oor sy preke en die effek wat preke op mense moet hê (4:1-34):

- Saaier... saai Woord (4:1-25)
- Saad groei vanself (4:26-30)
- Saad is klein (4:31-34)

Geloof op verskillende maniere. Jesus se preke bevestig deur wonders.

- Stilmaak van die storm deur Jesus se woorde en geloof (4:35-41)
- Die besetene van Gadara en geloof (5:1-20)
- Onvoorwaardelike geloof deur 'n onbekende vrou (5:21-43)

In die vorige episode (episode 2) het Jesus gewys die feestyd is hier. Maar hoe en waar leer mense daarvoor? Episode 3 vertel dit vir ons. Jesus preek en so praat God met mense deur die Heilige Gees. Hierdie woorde is kragtig en groei... maar dit het gelowige harte nodig om in te val. Mense moet glo.

Daarom volg daar verhale oor wonders wat Jesus gedoen het. Maar weer is daar 'n storie agter die storie... elke verhaal is 'n verhaal van **geloof**, onwrikbare en onvoorwaardelike geloof. Dit is die sleutel en toegangskartjie tot die feesmaal... aanvaar Jesus en sy boodskap in geloof.

Die prediking van Jesus word in feitlik al die evangelies opgevolg en versterk deur wonders. As Jesus sê Hy is die Seun van God, moet Hy tog optree as die Seun van God. Hoe anders kan 'n mens dit sien, behalwe deurdat Jesus dinge doen wat 'n gewone mens nie kan doen nie. Deur wonders te doen illustreer Hy sy verbondenheid met die Almagtige God en sy Gees wat alles kan doen. So ondersteun die wonderdade dus die woorde van Jesus. Jesus beweer groot dinge, maar dit is waar, want Hy wys Hy kan groot dinge doen ook... dinge wat net God kan doen. God is aan sy kant en daarom sal Hy nie jok nie. Mense kan maar glo. So hang prediking en wonders altyd by Jesus saam.

Die Koninkryk kom deur die woorde van Jesus wat geglo moet word. En 'n mens kan maar glo, want kyk net wat doen Jesus alles. God werk in en deur Hom.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)